## 1 Oktober Matteus 25:14-30

### *Verlossing vir luiaards*

Ons leer God ken in sy Woord as 'n skeppende, onderhoudende en regerende God wat nooit slaap nie. Hy is die lewende en aktiewe God. Hy is altyd besig en beslis nie lui nie. Ons hoor ook hoe Hy deur die eeue luiheid afkeur. "Gaan na die mier, luiaard'; "Jy is 'n slegte en lui slaaf'.

Baie gelowiges is werkoliste in die alledaagse lewe, maar geestelik 'n bietjie aan die lui kant. Is swak kerkbesoek nie dikwels as gevolg van luiheid nie? Is louheid in die geloof nie omdat ons te lui is om ons Bybel te lees en te bid nie? Selfs al kan 'n mens weens gesondheidsprobleme of ouderdom nie meer soveel doen soos voorheen nie, kan jy geestelik fluks wees.

Baie huweliksprobleme is toe te skryf aan luiheid in die liefde, want hulle is te lui om aan hul huwelik te werk. Sy is te lui om haar vir haar man mooi te maak. Hy is te lui om 'n bietjie te help in die huis.

Weet u, daar wag geluk en seën as 'n mens jou bekeer van liggaamlike en geestelike luiheid, 'n Luiaard kan 'n yweraar word wat woeker met sy Godgegewe talente en sodoende die regte beeld van God vertoon.

Sing: Psalm 89:6 Ds. C.J.C. Roets (Witpoortjie)